Ek wil net vir u dit so stel, u het Boipatong goed geken, baie patrollie daar gedoen voor die tyd? -- Dit is korrek.

Hoe laat kry julle toe nou die man in Lekoastraat wat julle nou voorkeer? -- U edele, dit was in die omgewing van 22:30 wat ek by die man aangekom het.

Het u hierdie voorval aan die radiokamer gerapporteer onmiddellik toe u in Lekoastraat stop? -- Nee, ek het, toe die man my stop het ons eers in die pad opbeweeg, toe is ek na sy huis toe en toe ek sien maar hier is mense aangeval, binne-in die huis toe het ek die voorval positief aan die radiokamer bevestig.

U weet ook dat Abednego Mabuza getuienis afgelê het by die Goldstone-kommissie? -- Dit is korrek, ja.

U weet dat die strekking van sy getuienis is dat hy twee groepe gesien het, mense in Hlubistraat en dat die tweede groep mense vergesel was van 'n Casspir? -- Ja, ek weet nie presies wat hy in sy getuienis gesê het nie, edele.

Hy sê hierdie tweede groep mense wat vergesel was van die Casspir, sê hy in sy getuienis, was die groep wat gespesialiseer het in die skietery, hulle het geskiet in Boipatong. -- Ja, ek weet niks daarvan nie.

Volgens sy getuienis het hy toe gaan wegkruip en nadat die klomp wat so geskiet het verby is, het hy uitgegaan en gaan ondersoek instel en toe vasgestel dat daar mense dood is, onder andere van sy familie, en daarna het hy buite homself nog 'n Casspir opgemerk in Lekoastraat en dit is die Casspir wat hy toe gaan stop het. -- U edele, toe, die man het wel aan my gemeld dat hy het gaan wegkruip en hy het agterna teruggekom en hy het gesien die mense in sy huis is aangeval en dit is toe hy die voertuig, my Casspir en die Casspir wat voor my gery het

in/...

in Lekoastraat, sien en ons probeer stop het.

Wat u sê, is hy het nie aan u gemeld dat hy 'n Casspir gesien het saam met die groep aanvallers nie? -- Nee u edele, hy het onder geen omstandighede die hele tyd wat ek met hom in gesprek was het hy genoem dat daar polisie by betrokke is of iets nie.

Hy stem saam met u in sy getuienis, hy sê dat hy nie - by die kommissie nou - hy sê dat hy nie vir u of die Casspir wat hy voorgekeer het, ingelig het van die Casspir wat hy gesien het saam met die groep aanvallers nie, want hy was bang. -- Hy het geen, op geen stadium het hy iets gepraat van dat daar polisie by betrokke is, dat dit ander, 'n Casspir daarby betrokke was nie en die oomblik wat ek by die man gestop het, het hy net die heeltyd gevra ons moet asseblief die mense in sy huis help.

Sou ek reg wees as ek sê dat hy inderdaad vreesbevange was? -- Ek sal nie sê op daardie stadium was hy bang gewees nie. Die man was in 'n geskokte toestand gewees.

Het julle gesukkel om 'n sinvolle storie uit hom uit te kry? -- Hy het baie gebroke het hy met ons gesels en, maar op die ou einde kon ons die dele inmekaarpas en ons kon 'n storie uitmaak wat hy vir ons probeer sê waaroor, dat dit 'n groot groep mense is wat die huise aangeval het daar.

U gaan toe eerste na huis 761 toe? -- Dit is korrek, ja.

Dit is nou Hlubistraat? -- Dit is korrek.

Is dit waar u nou langs die huis ingetrek het of so naby as moontlik aan die huis ingetrek het? -- Dit is korrek, ons het terug gestoot binne-in die erf in.

Die hek was, toe u daar aankom, reeds plat gewees? -- Dit is nie 'n hek nie, dit is die deel van die heining wat na die buitekant toe plat gelê het.

Watse/...

Watse heining was dit? -- Dit is 'n staal heining gewees, 'n staal-struktuur heining.

So dit is nie asof die Casspir waarin u was dit omgery het nie? -- Nee, u edele, die Casspir het nie daardie ding omgery nie.

Daar het u toe nou uitgeklim en dit was nou ongeveer 22:30? -- Dit is korrek.

Terwyl julle nou by die huis 761 was, neem ek aan het julle seker die enjin afgesit? -- Nee u edele, die voertuig se enjin het die heeltyd bly luier.

Toe u uitgeklim het, het u enige skote gehoor? -- Nee u edele.

Het u enige geluide gehoor soos vensters wat gebreek word? -- Nee u edele, op daardie stadium was alles stil gewees in daardie omgewing.

Vanaf huis 761 is u toe na huis 765 toe? -- Ons is eers na huis 763 toe, dit is daar waar die man vir my gesê het ja dit is net sy vensters wat gebreek is, en toe is ek na langsaan, na 765 toe.

By daardie huise het u buite die straat stilgehou? -- Dit is korrek u edele. Ek en een van my bemanningslede het om geloop en die voertuig het omgery en voor die huis gaan stop.

Hoe lank sou u sê was u by huis 761 gewees? -- Dit was 'n baie kort rukkie, edele, want ek het net 'n opsomming gemaak van wat daar aan die gang is, toe die man vir my gesê het die ander mense is ook aangeval en by huis 761 het ek die, solank die ambulans en die mense laat kontak dat hulle uitkom en toe is om na die volgende toneel toe om te kyk wat gaan daar aan.

U het onmiddellik 'n berig laat deurstuur betreffende huis 761? -- Dit is korrek u edele.

U/...

U het dit nie self gedoen nie? -- Ja-nee, ek het self op die radio, het ek die berig deurgestuur.

By huis 765, hoe lank het u daar deurgebring? -- U edele, daar, ek sou sê by huis 765 het ek bietjie langer deurgebring as by 761, want terwyl ons by huis 765 gestaan het, het die ambulans en sersant Kruger met sy seksie ook daar opgedaag en ons het toe besluit wat ons verder gaan doen met die ander tonele.

By watter huis het u nou die doppies gesien? -- By huis 765, u edele.

Waar was die doppies toe u hulle sien? -- 'n Swart vrou in die huis het 'n doppie op die eetkamertafel aan my uitgewys sowel as op die spieëlkas in die een slaapkamer waar die lyke gelê het.

Was Abednego Mabuza die heeltyd by u gewees? -- Dit is korrek. Hy het van sy huis af, 761, saam met my om beweeg na 765 toe.

Ek verstaan u reg, terwyl u nou by 765 was toe kom Kruger daar aan en die ambulans? -- Dit is korrek u edele. Die ambulans het daar gestop en na hom het sersant Kruger met sy seksie gestop.

Het u gestap van huis 761 na 765 toe? -- Dit is korrek.

Het u self die boodskap deurgegee op die radio betreffende die huis wat u ondersoek het, huis 765? -- Dit is korrek u edele.

As u net kyk na die voorvalleboek, ons kyk of hierdie, of daar enige inskrywings oor hierdie boodskappe gemaak is. -- (Pouse).

Vind u 'n inskrywing? -- (Pouse). Dit is korrek u edele.

Ja, wat sê die inskrywing? -- (Lees).

"Om/...

"23:30 <u>Rapport</u>: O/sers. Schlebusch rapporteer dat by huis 765 Hlubistr. Boipatong is daar ± 200 Inkatha lede het ingegaan en geplunder. Die eienaar is kon. Patrick Njole verbonde aan Vereeniging SAP. Sy vrou Martha Njoli 54 jr. het steek en skietwonde. Ndo Njole 14 jr is dood en Tselelo Njole 8 jr oud het noodlottige skietwonde. Het ook 2 X 9mm doppies daar opgetel. Skade is ongeveer R5 000. Selfgemaakte vuurwapens."

So die tyd wat daar aangegee word is 23:30? -- Dit is korrek, ja.

Is dit 'n korrekte weergawe van die tyd? -- Nee u edele, ek glo nie dit is 'n korrekte weergawe van die tyd dié nie.

Hoekom sê u so? -- U edele, al aanvaarbare rede wat ek kan aanvoer vir hierdie tyd is, op daardie stadium was daar net twee lede in die radiokamer gewees. Met so 'n storie moet die offisiere gekontak word. Die mediese mense, die ambulanspersoneel moet uitgeroep word, die ondersoekbeamptes moet gekontak word en dit is inkomende lyne, telefoonoproepe wat kom en die man kon deurmekaar geraak het met die tyd en gewoonlik wat hulle doen, as dinge so opmekaar opkom, skryf hulle op rofwerkpapier en agterna skryf hulle dit oor in die VB. So dit is moontlik dat die tyd daar deurmekaar kon raak.

Wat moes die korrekte tyd daar gewees het? -- Ek sal sê die korrekte tyd hier om en by moet wees tussen 22:30 en 22:50, daar rond.

Is daar nog iets fout met die inskrywing? -- Ja u edele, ek kan nie verstaan hoekom staan hier "selfgemaakte vuurwapens"

nie/...

nie. Ek weet nie waar kom dit vandaan nie.

Is daar nog iets fout met die inskrywing? -- En, u edele, hierdie dat daar plus-minus 200 Inkatha-lede is wat die huise ingegaan en geplunder het, ek het dit ook nie so deurgegee nie, want omrede die Abednego wat ek in my voertuig ingelaai het, hy het vir my net gesê dit is 'n groot groep mense wat in die rigting van KwaMadala is wat die huise geplunder het en gebreek het. Nêrens het hy genoem dat dit Inkathá-lede was of iets in daardie lyn nie.

Enigiets anders fout met die inskrywing? -- Ek kan nie sien dat hier nog iets fout is nie, u edele.

Daar staan ook in die inskrywing, "2 X 9mm doppies daar opgetel"? -- Dit is korrek.

Wat beteken dit? -- U edele, nee, ek weet nie hoekom sou die man dit hier geskryf het nie want, dit is nie my werk om daardie doppies op te tel nie.

9-Millimeter is ook die grootte koeëls wat die polisie gebruik? -- Dit is korrek.

Mens sou dit kon vasstel of hierdie koeëls van polisie-uitgawe afkomstig is? -- Dit is korrek u edele.

Nou het u die volgende dag, 18 Junie, toe hierdie, toe u nou die inskrywings nagaan in die voorvalleboek, hierdie foute wat u nou uitgewys het onder die aandag gebring van die persoon wat dit ingeskryf het? -- Soos ek vroeër gesê het, ek het nie, u edele.

U sou saamstem dat soos dit daar lyk, skyn dit asof u twee 9-millimeter doppies op die toneel opgetel het? -- Soos dit hier lyk, ja, wel, dit is so u edele.

Die snaakse ding is, is dat Abednego Mabuza wat getuig het in die kommissie getuig ook dat daar doppies deur die polisie

wat/...

wat hy voorgekeer het om hom te help, op van die tonele op beslag gelê is en weggeneem is. -- U edele, dit was nie op my voertuig gewees nie. Ek weet nie of dit agterna was toe sersant Kruger, hy het wel die PKRS-lede saam met hom in die voertuig gehad, ek weet nie of dit dan daardie, ons was saam by die tonele, dit kan wees dat daardie mense dit opgetel en verwyder het.

HOF: Kan u my net sê, wat is die gebruik, die voorvalleboek, word die inskrywings daarvan pertinent onder u aandag gebring? -- Onder my aandag?

Ja. -- Nee, edele.

Word u as die beriggewer gevra om die korrektheid van die inskrywings te sertifiseer? -- Nee, u edele.

Wanneer het u vir die eerste keer hierdie inskrywings gesien? -- Die volgende oggend toe ons van diens af gegaan het u edele.

Hoekom het u daarna gekyk? -- U edele, tydens - terwyl ons op die tonele besig was, toe ons besig geraak het, het ek nie kans gekry om my sakboekie volledig op te skryf nie en die volgende oggend toe ons van diens af gaan het ek net weer my geheue verfris, net om die inskrywings in my sakboekie oor te doen.

MNR BOTHA: U edele, ek merk op dit is reeds halfeen. Ek versoek dat die hof op hierdie stadium verdaag na môre toe. Daar is 'n baie belangrike vergadering wat een van die beskuldigdes moet bywoon en daar is aspekte van die getuie se getuienis wat ek moet nagaan.

HOF: Ja, die hof sal verdaag tot om tienuur môre-oggend.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT OP 7 SEPTEMBER 1993**

VORSTER BRAND SCHLEBUSCH, s.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA (VERV.): Sersant, ten opsigte van die roepseine wat gebruik is gedurende daardie tydperk, neem ek aan dat u redelik vertroud was met die roepseine wat gebruik was? -- Dit is korrek, u edele.

Hoe het die roepseine gewerk? Was dit toegeken aan 'n spesifieke afdeling of 'n seksie of hoe het dit gewerk? -- Die administratiewe personeel het roepseine van A af en A, B, C en so, en dan die skofte het per skof, het ons een roepsein en dan deel ons hom in. Soos op daardie stadium was ons skof se roepsein "Indië", met 'n "I", en soos die voertuie aangaan was dit "5 Indië 1", "5 Indië 2", "5 Indië 3".

HOF: Net 'n oomblikkie asseblief. Die "5", waarna, dit is nie die skof nie, is dit die groep, of wat? -- Nee, dit, op daardie stadium was dit die eenheid se nommer.

Eenheid nommer is 5? -- Dit was Eenheid 5 gewees.

Die "Indië", is dit die skof? -- Dit is korrek, edele.

Dan "1", "2", "3", "4", of "5", dit is die voertuig? -- Dit is die voertuie.

Was u altyd op dieselfde skof met dieselfde voertuig? Hoe het u u voertuig, wat was u voertuig gewees? -- "5 Indië 1"?

Wat was die een wat gemerk was wat Abednego gesê het hy gesien het? -- "T2". u edele.

"T2". Hoe was die, of het u altyd op T2 gery, of het nie altyd in "T2" gery nie? -- Nie altyd nie, u edele.

Ja. Ja, mnr Botha?

MNR BOTHA: Nou sersant, u het toe u aan diens gekom het die aand van die voorval, 17 Junie, het u nie dieselfde Casspir gebruik as wat die vorige skof gebruik het nie, is ek reg? -- Nee, u edele, dit was nie dieselfde Casspir gewees nie.

Laat/...

Het u - laat ek net so vir u vra, die vorige skof het gewerk van twee tot tien die aand? -- Dit is korrek.

Julle sou werk van tien tot sesuur die volgende oggend? -- Dit is korrek, ja.

Het u enigsins toe u op diens gegaan het kontak gehad met die vorige skof? -- Nie wat ek van kan onthou nie, u edele.

U het nou getuig gister dat daar, die roepsein "T2" was glad nie in gebruik gewees op daardie stadium nie, dit was 'n roepsein wat in onbruik was? -- Dit is korrek u edele.

In der waarheid, u het nie eers geweet na wie het dit verwys, die roepsein "T2" nie? -- Dit is korrek, edele.

Dit was so vir 'n tydperk gewees, dit was nou nie net vir die skof nie, dit was vir 'n hele tydperk, u het nie geweet waar die roepsein "T2" na verwys nie? -- Dit is korrek u edele.

As daar verwys word na "Tango 2", na wat sal dit verwys? -- Ek sal sê dit moet 'n roepsein wees.

Ja, en dit sal inderdaad die roepsein "T2" wees eintlik? -- Dit is korrek.

Het u enige idee waarna "Tango 2" sou verwys? -- Ek het nie 'n idee nie, u edele.

Het u kantore ook bekend gestaan as Vereeniging Onluseenheid? -- Dit is korrek.

Want ek wil net vir u stel wat volgens inligting wat tot my beskikking gestel is, was daar, die aand van 17 Junie, verskeie verwysings oor die radio na "Tango 2" en dit, die tye waarop dit voorgekom het was om 19:47, 19:48 - glo die skof voor u skof - 19:51 en byvoorbeeld die boodskap wat om 19:51 gegee word is:

> "Tango 2 is daar agter. Hulle is besig om skietbaadjies uit te deel hierso by Vereeniging Onluseenheid."

Onluseenheid. Dan om 19:53 is daar 'n boodskap:

"Tango 2 Delta..."

Dan sê hy:

"Delta stuur..."

en dan word daar gesê:

"Ja, adjudant, beweeg asseblief net vir my deur KwaMadala Hostel toe."

Nou het u enige kommentaar op hierdie stellings wat ek gemaak het?

HOF: Net 'n oomblik, kan ek net seker kry? Wat sê u, waar kom hierdie berigte vandaan? Kom hulle uit die radiokamer uit?

MNR BOTHA: Uit die radiokamer ja. -- U edele, ek weet glad nie waar kom daardie roepseine vandaan nie.

U sou saamstem dit verwys na Casspirs met die roepsein "T2"? -- Ek kan nie daarmee saamstem nie want ek weet nie wie se roepsein is daardie nie... (tussenbei)

HOF: Is dit billik om dit aan die getuie te stel, meneer? Ek weet nie, u sê nie wie, is dit getuienis wat u het, is dit vorige getuienis wat gegee is? Waar kom dit vandaan? Laat ons hoor wat is die geheim.

MNR BOTHA: U edele, wat - die inligting wat tot my beskikking is, sersant, is dat hierdie getranskribeer is van die bande wat opgeneem is in die ops.-kamer as boodskappe synde wat gegee is die aand van 17 Junie. -- U edele, soos ek reeds gesê het, ek weet nie waar kom daardie roepseine vandaan nie, want dit was die tydperk voordat ek begin werk het om kwart voor tien die aand.

Ja, maar u sien u getuienis is dat daar in daardie omgewing, in daardie area glad nie sodanige "T2"- roepseine in gebruik was nie. -- Nie wat ek van weet nie, u edele.

Die/...

Die getuienis wat by die Goldstone-kommissie deur die polisie aangebied is, was ook dat daar slegs een voertuig was, 'n Casspir, met die teken "T2" wat op die kant daarvan aangebring was? -- Dit is korrek, ek het so getuig ook gister.

Sou u dan saamstem, sersant, dat die verwysing oor die radio die aand van 17 Junie na Casspir, of na 'n roepsein van "T2" uiters vreemd is? -- Ek sal daarmee saamstem, u edele.

Daardie verwysing kon nie na u Casspir verwys het nie want dit was nie in gebruik voordat u aan diens gegaan het nie op die vorige skof nie? -- U edele, ek sal dit so stel, ek kan nie vir seker sê of daardie voertuig in gebruik was, of hy nie in gebruik was nie. As ons in die aand aan diens kom, die swaarvoertuig-bestuurders, sodra hulle by die eenheid kom, gaan haal hy, gaan kyk hy of daar 'n kar is wat bruikbaar is en hy bring die kar vorentoe na die eenheid toe, sodat as ons klaar op parade gestaan het dan klim ons in die voertuig en ons ry, en die aand het die bestuurder die kar van agter af gebring en ons het in die kar geklim en ons het gery. So ek kan nie presies sê of het iemand vroeër die dag daardie voertuig gebruik of nie.

Maar in ieder geval, selfs al was hy gebruik... (tussenbei)

<u>HOF</u>: Net 'n oomblik asseblief, mnr Botha, ekskuus. Wat was u roepsein daardie aand? -- "5 Indië 1", u edele.

U was "5 Indië 1"? -- Dit is korrek.

Nou die vorige skof, kon hy 'n roepsein van "2" gehad? -- Dit is moontlik dat hy die een kon gehad het. As hulle meer as een voertuig gery het, kon dit wees dat hulle 'n voertuig gehad het... (tussenbei)

Was daar 'n eenheid 2 aan diens voor u, in die skof voor u? -- 'n Eenheid 2? Nie wat ek van weet nie.

Want/...

Want die nommer "2," nee, die "T" verwys na 'n skofnommer. Wat was die skofnommer net voor u? -- Jis, ek kan nie nou onthou nie, u edele, maar daardie, die "T", kyk daar is ander plekke wat net bestaan uit sê 'n "Tango" en dan die voertuig "2", en dan soos ons eenheid se roepseine werk op die nommer "5" en dan 'n letter vir die skof en dan die syfer daarna werk op die voertuig wat dit is.

Ja. Ekskuus, mnr Botha.

MNR BOTHA: Ek verstaan u reg, sersant, die eenheid waaraan u verbonde is en waaraan die vorige skof wat voor u aan diens gegaan het verbonde is, gebruik nie die roepsein "T2" nie? -- Nee, u edele.

Kon u intussen, ek het nagelaat om u gister te vra, kon u vasstel of die ritstate van die voertuie, van die voertuig waarop u betrokke was, beskikbaar is hier by die hof? -- Nee, ek kon nie vasstel nie, ek het nie vasgestel nie.

U het voor hierdie voorval in daardie area gereeld diens gedoen, die area van Boipatong, is ek reg? -- U edele, ek sal nie sê gereeld nie. Op daardie stadium was die Boipatong-gebied was stil gewees, daar het nie voorvalle voorgekom nie, dit was 'n, kan ek sê 'n vreedsame gemeenskap gewees en ek kan basies sê ons het net maar 'n draai deur Boipatong gery en dan gaan ons na die gebiede toe waar daar regtig dinge gebeur.

U dra nie kennis dat daar 'n spesifieke pos is wat, of 'n spesifieke funksie is wat verrig moet word wanneer julle diens doen by die KwaMadala Hostel? -- Nee, edele. Op daardie stadium het ons, was daar nog nie dienste gewees by KwaMadala nie, wagdienste gewees nie.

Dit het eers na die tyd gebeur? -- Dit is korrek, wat daardie wagdienste daar gestig is.

Sersant/...

Sersant, u het gister in u getuienis verwys na 18 Junie toe u nou na die voorvalleboek gekyk het, die dag na die voorval toe u gaan kyk het na die voorvalleboek en u het vir die hof gesê dat die rede was hoekom u na die voorvalleboek gaan kyk het, was om u sakboekie op te skryf? -- Dit is korrek u edele.

Watse inligting moes u of het u gekry uit die ondersoek dagboek? -- Uit die ondersoekdagboek?

Ag, die voorvalleboek, jammer. -- U edele, ek wou nou gesien het die tonele wat ons bygewoon het, presies alles wat ek aan die radiokamer deurgegee het om dit so in my sakboekie te skryf oor, en toe het ek agtergekom dat die tye in die voorvalleboek nie ooreenstem met die tye wat ek gedink het dit moet, of wat dit moes wees nie, en dit is hoekom ek ook nie my sakboekie volledig toe opgeskryf het nie.

U het besef toe u gekyk het na die voorvalleboek dat daar foute is? -- Dit is korrek, u edele.

Ek merk op in die voorvalleboek, net interessantheidshalwe, dat daar by die vorige skof wel veranderings aangebring is in die voorvalleboek. So byvoorbeeld is tye verander. Ek wil net dit vir u toon, as ek dit nou kan vind, gee my net 'n kans.

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

MNR BOTHA: Dankie, ek het dit gekry. U ken seker vir sersant Potgieter? -- Dit is korrek.

Hy berig om "21:25" is daar 'n "Sitrap", dit is 'n "situasie rapport" seker? -- Dit is korrek u edele.

Hy rapporteer "dat [in] Boipatong alles stil en rustig is", maar aanvanklik was die tyd "21:35", dit is toe verander na "21:25", dit is hoe dit lyk. Die rede hoekom ek dit aan u stel, ek besef dat u nou seker niks daarmee te doen het nie,

of/...

of weet u daarvan, van die verandering van die tyd? -- U edele, ek is nie in beheer van die voorvalleboek nie en was ook nie voor ek begin werk het en ook nie nadat ek begin werk het nie.

Ja. -- Die lede wat die boek opskryf is verantwoordelik vir daardie, vir die voorvalleboek.

HOF: Weet u uit u eie uit wat is die doel van die voorvalleboek? Waarom word dit gehou? -- U edele, dit is om rekord te hou van al die gebeure en die voertuie in-, en uitboek, die mense wat van diens en aan diens gaan, om van al die, alles basies op die eenheid rekord te hou.

Die tye daar, is daar van groot belang? Hoekom word die tye aangegee? -- Volgens, ek sal sê die tye is van belang, want dit is tog om te sê wanneer wat gebeur het.

Word julle gekontroleer oor elke dingetjie wat julle doen? -- U edele, die stasiebevelvoerder gaan die voorvalleboek na, maar hy sal nie weet of die tye korrek is of nie.

MNR BOTHA: U getuig dat u sekere aspekte uit u sakboekie uitgelaat het omdat dit nie ooreengestem het met wat in die voorvalleboek voorkom nie? -- Dit is korrek.

Is dit nie so dat die tyd wat in die VB voorkom nie is die tyd wanneer die berig deurgegee word, die tyd wat in die voorvalleboek voorkom? -- Dit is nie noodwendig so nie. Dit kan wees dat die voorvalleboek agter geraak het met ander inskrywings wat gemaak moes word, wat die mense besig was met telefoonoproepe of iets in daardie lyn, omrede daar net twee in die radiokamer werksaam was en dan kan dit wees dat die lid wat die voorvalleboek geskryf het, die tyd wat hy die inskrywing maak, daardie tyd daar neerskryf in plaas van die werklike tyd wanneer dit gebeur het.

Hoe laat was dit toe u 'n fakkel afgestuur het? -- Ek kan nie/...

nie presies sê hoe laat dit was nie, maar dit was in daardie tyd gewees wat ons by Unipark Motors, oorkant Unipark Motors vir die weermag- en die PKRS-lede gestaan en wag het, wat ek die ligfakkel laat afskiet het.

HOF: Was dit na 12? -- U edele, ons het in die omgewing van, dit was tien voor 11 het ons by die Unipark Motors aangekom.

Is dit ook bekend as die "Trek-garage"? -- Dit is korrek.

MNR BOTHA: U sê tien voor 11 toe u by die Trek-garage aankom? -- Dit is in die omgewing van tien voor 11.

As u nou praat van, "in die omgewing", het u op u horlosie gekyk of het u 'n boodskap daarvan gegee, hoe bepaal u die tyd? -- Ek kan nie onthou nie, dit is bietjie lank terug. Ek kan nie presies onthou, ek kan onthou ek het 'n inskrywing dink ek in my sakboek gemaak toe ons by die garage aankom, want toe het ek solank van die tonele wat ons bygewoon het, het ek my sakboekie op datum gebring en toe agterna, toe ons besig raak toe het my sakboekie ook agter geraak. So ek is amper seker daarvan dit was tien voor 11, daar rond.

Het u so ook gerapporteer aan die ops.-kamer dat u onttrek? -- Dit is korrek, ek sou aan die radiokamer gesê het dat ons onttrek.

Dit sou normaalweg in die voorvalleboek aangebring word? -- Nee, ek glo nie dit sal normaal in die voorvalleboek ingeskryf word nie. Ek dink dit is net vir die mense in die radiokamer vir kennisname waar die voertuie is, of waarheen die voertuie gaan.

Kan u net kyk na die voorvalleboek na inskrywing 1152? U sien die rapport, u sien dit is gemaak 22:55? -- Dit is korrek.

Dit lui as volg:

"Rapport/...

"Rapport: '5I1'...

neem ek aan, is wat daar staan? -- Dit is korrek.

"O/sers Schlebusch rapporteer dat by huis 761 Lekoa str., Boipatong het 3 mense in die huis ingegaan en begin skiet en met Pangas gekap. Twee (2) mense beseer en een (1) gedood. Maria Selebosha [uitgespreek Sibosiso] (54) jr. noodlottig beseer en Flora Ndana 74jr. beseer met kapwonde [mnr Botha sê kapmerke]. Die oorledene se besonderhede is onbekend op die stadium. ± R4000 se skade."

R40 000 se skade. [NOTA: Bewysstuk toon aan R4 000, die "s" van "se" word verkeerdelik as 'n 0 gelees deur mnr Botha]. Nou dit is so dat u, na u ondersoek ingestel het by huis 761 Hlubistraat, het u 'n boodskap deurgestuur? -- Dit is korrek.

En u getuienis was dat u 'n baie kort tydjie by die huis spandeer het? -- Dit is korrek, edele.

Nou daardie inskrywing 1152 is gemaak asof die tyd daarvan was 22:55, met ander woorde vyf minute voor 11? -- Dit is korrek.

Het u die volgende dag ... (tussenbei)

HOF: Net 'n oomblikkie asseblief. Sê u die inskrywing gemaak 22:55? Is dit inskrywing daardie tyd gemaak of was die voorval daardie tyd?

MNR BOTHA: U edele, ek verstaan dat die reël, of die inskrywing word gemaak, of die tyd wat in die voorvalleboek voorkom is die tyd wanneer die berig deurgegee word. Dit is hoe ek dit verstaan. Dit was ook wat die getuie getuig het.

HOF: So is dit u getuienis? -- U edele, ek het nou-nou gesê dit kan wees, maar sodra die mense besig raak dan kan dit wees dat hy die inskrywing maak die tyd wat hy, die tyd maak, skryf

wat/...

wat hy die inskrywing in die VB gaan maak. Dit kan wees dat hy hom op 'n stukkie rofweg-papier gemaak en as hy hom oorskryf in die VB, dáárdie tyd in die VB skryf. Dit is wat ek nou-nou gesê het.

Nou wat normaalweg, weet u, dra u persoonlik kennis daarvan, wat is die instruksies? Die tyd wat hulle inskryf, skryf hulle in wanneer hulle die berig ontvang, of gee u vir hom 'n tyd en sê op só 'n tyd het die voorval plaasgevind? -- Dit is korrek, u edele. Die gebruik is dat ons eers die tyd deurgee wat die voorval plaasgevind het en dan sal hy nou sien watter tyd dit nou is wat ons die rapport deurgee en as hy nie besig is nie sal hy hom direk in die voorvalleboek inskryf, maar soos daardie aand was dit verskriklik, was dit besig gewees in die radiokamer omdat daar net die twee mense was.

Ja, maar ek verstaan net nie mooi nie. Wátter tyd moet hy inskryf, die tyd wat u vir hom sê die voorval plaasgevind het, of skryf hy die tyd in wanneer hy die berig ontvang? -- Dit is die tyd wanneer hy die berig ontvang en dan gebruiklik moes hy, as hy die rapport begin skryf, gesê het ja die voorval het plaasgevind om dáárdie tyd.

So hy skryf beide tye in, wanneer hy die berig ontvang en die tyd wat u vir hom gegee het wat u sê wanneer die voorval plaasgevind het? -- Dit is die korrekte metode, u edele.

<u>MNR BOTHA</u>: Nou as ek u net kan verwys na inskrywing 1147 in die voorvalleboek, dit gemaak om, skyn dit, 22:20? -- Dit is korrek.

(Lees):

"<u>Klagte ontvang</u>: Berig ontvang vanaf 'BU' dat by begraafplaas in Sharpeville 'n skietery aan die gang is. 5I1 o/sers Schlebusch gee aandag."

Dit/...

-- Dit is korrek.

Dan is daar inskrywing 1149 wat gemaak is om 22:30. Sien u dit? -- Dit is korrek.

(Lees):

> "Kst le Grange boek voertuig SAP 108100H uit met km 11426 uit."

-- Dit is korrek.

Wie se voertuig was dit? -- Dit sal sersant Kruger, die skofbevelvoerder se voertuig daardie wees, u edele.

HOF: Kan ek daarvan aflei hierdie berig is nou al 20 minute laat, want daardie voertuig is tienuur uitgeboek? -- Ek sal nie kan sê nie, u edele, want terwyl, omdat sersant Kruger die skofbevelvoerder is, hy het nog administratiewe werk wat hy moet afhandel en agterna kan hy eers in sy voertuig klim en saam met ons kom werk. So ek kan nie, ek weet nie of dit daardie tyd die regte tyd is of nie.

Ja?

MNR BOTHA: Dan 22:10, dit is 'n inskrywing 1145, lui as volg:

> "*Klagte ontvang*: Vanaf 'Q' dat 'n groep inkatha lede in Boipatong besig is om eiendom te beskadig. 5I2 Sers. Kruger gee aandag."

-- Dit is korrek.

Is daar niks fout met daardie tyd nie? -- U edele, ek sal nie kan sê of hier fout is met die tyd nie, want in die omgewing van tienuur moet ons voertuie reeds uit die basis uit wees.

Ja? Wat beteken dit? -- Dit kan wees dat die lid in die radiokamer toe hy die berig oor die telefoon ontvang het, want hy het buite na ons toe gekom toe ons op die parade grond gestaan het, toe het hy vir sersant Kruger gesê van die klagte

wat /...

wat hy ontvang het. So dit kan wees toe hy teruggekom het in die radiokamer dat hy dán die inskrywing gemaak het in die voorvalleboek.

Die tyd van 22:10 is ook die tyd wat u in u sakboekie aangeteken het as synde:

"Ontvang klagte van VQ dat groep mense in Boipatong huise aanval."

-- Dit is korrek, u edele.

Maar u teken nie in u sakboekie, die tyd wat u in u sakboekie aanteken wanneer u afstaan by die huis 761 Hlubistraat, [illegible] teken u aan as 22:30? -- Dit is korrek.

Nou wie is die roepsein Victor? -- Dit sal Vereeniging [illegible] wees, edele.

Waarom het u die tyd in u sakboekie gemaak 22:30 en nie soos wat dit in die voorvalleboek voorkom, 22:55 nie, as synde die tyd wat u by huis 761 was, Hlubistraat? -- Agterin my sakboekie, toe ek by die toneel kom, het ek aantekening gemaak agterin my sakboekie en aangesien dit die eerste toneel was, dit is hoekom ek die tyd daarby neergeskryf het ek by die huis aangekom het, as ek reg kan onthou. Daarna het ek nie tye bygeskryf nie, omrede die tonele meer geword het en ons het van een toneel na die ander toneel het ons beweeg. Toe het ek vergeet om die tyd by te skryf.

En dan ook die tyd 22:45 bring u aan in u sakboekie as synde die tyd wat u twee lyke by huis 765 vind? -- Dit is moontlik, u edele.

Ja, dit is so. Alhoewel die tyd wat in die voorvalleboek aankom 23:30 is in hierdie verband. -- Dit is korrek.

U het nie 'n aantekening in u sakboekie gehad, selfs agterin, van 'n tyd wat u by 765 Hlubistraat was nie. -- Dit is [illegible] korrek/...

korrek u edele.

Waarom het u dit nodig gevind om daardie tyd te verander? -- Watter tyd sal dit nou wees?

Die tyd wat u in u sakboekie aangebring het as 22:45? -- Dit, ek sal sê dit was 'n skatting op daardie stadium gewees van, omdat ek nie lank by huis 761 was nie en toe na 765 toe was, sal ek sê dit was 'n skatting wat ek gemaak het van wanneer ek by die twee huise was.

U sien, nadat hierdie inskrywing gemaak is 1154, die een om 23:30 waar na u gister verwys het, u volg watter een ek van praat? -- Ja.

Is daar nog 'n inskrywing gemaak, 1155 om 23:45. U sien dit? -- Dit is reg.

HOF: Mnr Botha, ek is nie seker dat ek u verstaan nie. U verwys na die inskrywing wat hy gemaak het. Verwys u na die voorvalleboek? Hy het tog nie inskrywings in die voorvalleboek gemaak nie?

MNR BOTHA: Nee. As dit die, dan het ek dit nie duidelik gestel nie. U het die inskrywing gemaak as 22:45 in u sakboekie as synde die tyd wat u by huis 765 was? -- Dit is korrek u edele.

Dit verskil van die tyd wat in die voorvalleboek voorkom onder inskrywing 1154 as synde 23:30 en as synde die tyd wat u by huis 765 was? -- Dit is korrek.

U sê dit is so gedoen omdat u onthou het dit was omtrent die tyd wat u by 765 was? -- Edele, ek het gesê dit is 'n skatting wat ek gemaak het.

Ja. -- Van die tye.

Ek verwys u nou net na inskrywing 1155 in die voorvalleboek. U sien die inskrywing? -- Dit is korrek.

Dit/...

Dit is gemaak om 23:45? -- Dit is korrek.

Dit lui as volg:

> "Rapport: o/sers Schlebusch berig dat by huis 763 Hlubi str. Boipatong, Petrus Swani 54jr. Ruite voor is gebreek. ± R500 se skade. Geen beserings."

-- Dit is korrek, u edele.

Hierdie inskrywing is glad nie in u sakboekie gemaak nie. -- Hy is agter in my sakboekie rofweg gemaak.

Ja, maar daar is nie 'n tyd by nie. -- Dit is korrek.

Dit is eintlik wat ek bedoel. -- Ek het nou-nou gesê daar is nie tye by die res van die huise wat ons besoek het nie.

Ek wil net vir u so vra, u is na u by huis 765 was na huis 763? -- Nee, edele, ek is van huis 761 het ek om gestap na huis 763 toe. Daar het die eienaar vir my gesê dat net sy ruite is gebreek. Toe het ek net gekyk die ruite wat gebreek is in die huis en toe sê hy vir my die mense langsaan in huis 765 is aangeval, en dit is toe ek na huis 765 toe is.

Wanneer het u die berig betreffende huis 763 deurgegee, die radioberig? -- Ek kan nie onthou presies op watse stadium het ek hom deurgegee nie.

HOF: Mnr Botha, ek sien dit is amper teetyd. Ek is van voorneme om nou die verdaging te neem. Net om dit vir my enigsins duideliker te maak, kan u my miskien net na teetyd sê, probeer u deur die kruisverhoor aantoon dat die sakboek en die voorvalleboek onbetroubaar is, of sê u hierdie getuie se getuienis na aanleiding van die kruisverhoor is nie wat dit skyn te wees nie, hy het nie opgetree soos hy opgetree het nie? Ek is nie séker waarheen ons gaan nie. Miskien as u my net kan inlig daaroor na tee dan het ek 'n beter idee waarheen ons gaan.

MNR BOTHA: /...

MNR BOTHA: Soos die hof behaag.

HOF: Die hof sal verdaag.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

**VORSTER BRAND SCHLEBUSCH, s.o.e.**

MNR BOTHA: U edele, die kwessie van die tyd betreffende hierdie getuie meen ek in die eerste plek dit is belangrik dat die verskille tussen die voorvalleboek en die getuie se sakboekie aan die hof uitgewys het. Ek is besig met daardie proses. Wat presies die afleiding gaan wees wat ek aan die einde van die dag vir die hof gaan vra om daarvan te maak, is op hierdie stadium vir my moeilik om te sê. Wat ek wel vir die hof kan sê, is dat dit is amptelike dokumente. Daar was bewerings van polisiebetrokkenheid. U is bewus van die bewerings wat gemaak is. Daar is ook verdere getuienis ten opsigte van tyd wat tot die beskikking is van die verdediging van wanneer sekere aspekte gebeur het. Die kwessie van die tyd is van die aller grootste belang meen ek. Ek kan dit nie verder vat op hierdie stadium as om te sê dat ek geensins poog om die hof se tyd te mors met hierdie lei van kruisondervraging nie.

HOF: Nee, ek wil geensins insinueer dat u besig is om te tyd te mors nie, dan sal ek u lankal opgeruk het.

MNR BOTHA: Ja.

HOF: Ek was net nie seker waarnatoe mik u met die kruisverhoor nie, vir wat moet ek uitkyk nie. Wat by bietjie pla daaroor, is die getuie sê nee, dit lyk vir my dit is maar so, so by benadering word die tye gehou. Is hierdie akkurate tye wat aangegee is? Help dit my iets?

MNR BOTHA: U edele, dit mag wees, mens mag dit in daardie lig sien. Aan die ander kant is daar egter die kwessie van wanneer die aanvallers uit Boipatong uit sou gewees het en daar is

getuies/...

getuies wat deur die staat geroep is wat in hulle getuienis getuig het, beweer het dat daar Casspirs gesien is in daardie omgewing kort na of selfs tydens die aanval en in daardie opsig is hierdie kwessie van die tye en ook die weerspreking tussen die voorvalleboek en die sakboekie belangrik. Een verduideliking mag wees dat dit net 'n kwessie is van dat daar dinge maar nou nie so vlot geloop het, maar u sit wel hier met 'n amptelike dokument, die voorvalleboek. Nou die ander kant, en dit mag wees dat daar sprake mag wees van aanpassings agterna of wat ook al. Ek sê dit nie op hierdie stadium nie, dit is egter 'n moontlikheid wat met respek ondersoek moet word. Daar is die kwessie van die bande wat uitgevee is. Daar is die kwessie van die "T2" Casspirs wat vroeër hierdie dag... (tussenbei)

HOF: Wel u moet darem versigtig wees as u sê, "die bande wat uitgevee is". U weet, ek dink dít is die storie wat destyds die wêreld ingestuur is. Tot my ontsteltenis het ek gister gehoor van hierdie getuie wat hy verneem het wat daar gebeur het. Dit is darem 'n wêreldwye verskil tussen bande wat uitgevee is en wat hierdie getuie vir my sê wat gebeur het.

MNR BOTHA: Ja, as ek sê "uitgevee" dan bedoel ek eintlik oor, oor ... (tussenbei)

HOF: U sien, dit is al wat ek wil keer, dat sulke stories die wêreld ingestuur word, wat allermins waar is, as die getuie se, wat hy verneem het, as dit waar is.

MNR BOTHA: Ja, dit is, die bewering is ook by die kommissie gemaak dat... (tussenbei)

HOF: Ek meen 'n mens kan verstaan onder die omstandighede dat die band omgedraai is en hy is aan die ander kant gespeel. Dit is darem 'n héél ander storie as dat die bande uitgevee word.

MNR BOTHA: /...

MNR BOTHA: Dit is inderdaad so, maar die uitvee was eintlik... (pouse). O? U edele, ek verstaan daar is 'n krisis, mag ek vra net vir 'n kort verdaging van 15 minute, van een van die beskuldigdes?

HOF: Die hof sal verdaag vir 'n paar minute.

**HOF VERDAAG - HOF HÈRVAT**

**VORSTER BRAND SCHLEBUSCH, s.o.e.**

HOF: U kan maar blymoedig voortgaan.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA (VERV.): Mag dit u behaag. Sersant, kan u net kyk na inskrywing 1164? Dit is gemaak om 02:00, met ander woorde twee-uur die oggend. Dit lui as volg:

> "Rapporteer: o/sers Schlebusch rapporteer dat toe die inwoners oorstap na KwaMadala Hostels toe, kon hy nie sien wat hulle doen of by hulle het nie, hy het..."

Nou moet ek vir u sê het ek nie die kopie van die volgende bladsy nie. Kan u net vir my daardie laaste gedeelte uitlees? -- (Getuie lees verder)

> "hy het toe 'n 300 M [meter] beligtings vakkel [beligtingsfakkel] opgeskiet om te sien wat gaan aan."

Nou daardie tyd van twee-uur die oggend, pas dit in by die tyd wat u sou sê u die fakkel geskiet het? -- Nee, u edele, dit was lank voor dit wat ons daardie, wat ek daardie fakkel laat opskiet het.

Wanneer het u die fakkel opgeskiet? -- Ek kan nie presies die tyd onthou nie. Soos ek vroeër gesê het, dit was in die tyd gewees wat ons by Unipark Motors, die Trek-garage, vir die PKRS-lede en die weermag gewag het om by ons aan te sluit.

As u sê u het by Unipark Motors, die Trek-garage, parkeer

gestaan/...

gestaan, was julle in die veld oorkant die garage? -- Dit is korrek, u edele, dit was basies oorkant daardie garage gewees in die veld.

Terwyl julle daar gewag het, het julle buite die voertuig gestaan of binne die voertuig? -- Ons was buitekant die voertuig gewees.

Nou u het 'n tyd aangetoon as 22:50 in u sakboekie wat julle onttrek het na die veld tussen Boipatong en KwaMadala. -- Dit is korrek.

Hoe lank nadat u onttrek het, het u die fakkel gevuur? -- Ek kan nie presies sê hoe lank na die tyd dit was nie.

By raming? Kan u nie 'n skatting maak nie? -- U edele, toe ons, die doel was hoekom ons onttrek het daar was oordat daardie groep mense gesê het hulle gaan oorbeweeg KwaMadala toe. Toe het kaptein Roos gesê ons moet onttrek en tussen die veld gaan staan, in die veld gaan observasie hou en kyk dat die mense nie oor en weer na mekaar toe gaan nie, asook om te wag vir die weermagversterkings en die mense wat moet inkom. En ons het basies toe ons daar aangekom het, het van die mense, het hulle opgemerk dat van die inwoners uit Boipatong in die veld inbeweeg en dit is toe dat ek een van my bemanningslede opdrag gegee het om die fakkel in die lug op te skiet.

<u>HOF</u>: Kan u by benadering sê hoe lank was dit nadat u nou onttrek het daar? -- Edele, ek sal sê dit was in die omgewing van vyf minute toe ons daar gestaan het.

<u>MNR BOTHA</u>: U is verplig om te rapporteer indien daar met enigiets uit die Casspir gevuur word? -- Dit is korrek.

Kan u verduidelik waarom die, het u enige idee waarom dit eers om twee-uur die oggend aangeteken word in die voorvalleboek? -- Ek kan nie sê hoekom dit eers daardie tyd aangeteken

is/...

was nie u.edele.

Toe u by huis 761 Hlubistraat aandoen het almal uit die voertuig uitgeklim, u hele bemanning? -- Is dit nou aanvanklik toe ons daar aangekom... (tussenbei)

Aanvanklik. -- ...het of agterna?

Aanvanklik. -- Almal het uit die voertuig uitgeklim behalwe die bestuurder, u edele.

U het ook getuig dat u 'n entjie in Hlubistraat op gery het? -- Dit is korrek.

Was dit voor of nadat u gestop het by 761 Hlubistraat? -- Ek het gestop in Lekoastraat, op die hoek van Lekoa- en Hlubistraat. Dit is waar die man Abednego, waar hy in die voertuig ingeklim het. Toe sê hy vir my die huise in die straat is aangeval. Toe draai ons in Hlubistraat, ry ons 'n entjie aan en toe ek sien daar is wel nog huise wat aangeval is toe stoot ons terug.

Abednego was geskok gewees en hy wou gehad het u moes na 'n spesifieke huis gaan, huis 761? -- Dit is korrek, u edele, sy huis, huis 761.

Sy is naby die hoek? -- Dit is korrek, hy is op die hoek.

Op die hoek? Waarom vind u dit nodig om eers 'n ent in Hlubistraat op te ry voor u aandoen by die huis wat hy so angstig is dat u moet aandoen? -- U edele, soos ek vroeër gesê het, op daardie stadium was ons nie seker gewees wat aangegaan het nie. Toe ek die man nou in die hande kry en hy sê vir my ja daar is meer huise in die straat aangeval toe wil ek net bevestiging daarvoor kry voordat ons na die man se huis toe is.

Hoe ver het u in Hlubistraat op gery? -- Ek kan nie presies sê hoe ver dit was nie. Soos ek vroeër gesê het dit was totdat ek, ek het gesien basies daar is nog huise wat aangeval

is/...

is, dit kan drie, vier huise wees, ek kan nie presies onthou hoe ver het ons in Hlubistraat afgery nie.

Huis 765, is dit terwyl u nou op hierdie rit was, ook aan u uitgewys as 'n huis wat aangeval is? -- As ek reg onthou, ja.

Nou 765 is naby aan 761? -- Dit is korrek, edele, dit is twee huise van mekaar af.

Ja. Sou ek reg wees as ek sê u het maar 'n kort entjie in Hlubistraat op gery? -- Dit is korrek, u edele.

'n Paar huise van die hoek af van Hlubistraat en Lekoastraat? -- Dit is korrek.

Was u Casspir se ligte aan gewees? -- Dit is korrek.

Hoofligte? -- Dit is korrek.

Sal u net kyk na foto, BEWYSSTUK 3? Kan u sien waar Hlubistraat is daar op die foto? -- Dit is korrek.

Kan u sien - U edele, ek meen die foto's verskyn ook in die BEWYSSTUK A as BEWYSSTUK 3, hy is die tweede foto. Kan u sien op daardie foto waar die hoek van Hlubi- en Bafokengstraat is? -- Dit is korrek.

Nou hier het 'n getuie getuig, ek meen dit is Rebecca Mokoena, en sy sê dat in 'n baie kort tydjie nadat sy 'n groep mense gesien het wat sy beskryf het as die aanvallers in Bafokengstraat het sy teruggekyk in Hlubistraat en het sy 'n Casspir gesien wat afdraai in Ngwenyastraat uit Hlubistraat. Volg u wat ek aan u gestel het? -- Dit is korrek, edele, ek wil net weet waar is die Ngwenyastraat.

As u gaan kyk, as u nader staan aan die foto, u is welkom om nader te staan aan die foto. U sien Hlubistraat, dit is die skuins straatjie, die tweede straat in Boipatong aan die linkerkant. U weet waar is Hlubistraat? -- Ja, ek weet waar is Hlubistraat.

Ja /...

Ja, u sien dit. Nou as u nou Hlubi volg in die rigting van Bafokengstraat dan net voor jy aan die einde van Hlubi-straat kom aan die linkerkant is daar 'n straatjie wat ek verstaan Ngwenyastraat is. U sien dit? -- Ja, ek dra nou kennis waar dit is.

U sou saamstem dit is 'n hele ent vanaf die hoek van Hlubi- en Lekoastraat? -- Dit is korrek.

Sy het ook getuig dat sy, toe sy die Casspir sien het sy skote gehoor voor die Casspir maar vanuit die rigting van Ngwenyastraat. U het nie enige skote gehoor toe u in Hlubi-straat was nie? -- Nee, u edele.

U het nie ingedraai in Ngwenyastraat nie? -- Nee.

Die Casspir wat voor u gery het toe u in Boipatong ingekom het, daardie Casspir het ook nie in Hlubistraat ingedraai nie, dit het reguit aangehou met Lekoastraat? -- Dit is korrek.

As u my net 'n oomblik gun, u edele.

HOF: Miskien kan u my in die tussentyd sê, op die stadium toe u daar in is, toe u nou die man daar aangetref het op die hoek van Hlubi- en Lekoastraat, was daar ander Casspirs van die polisie daar in die woongebied? -- u edele, net wat ek gesien het was die Casspir wat voor ons gery het.

Ja, maar u het vir my reeds gesê dit is nie 'n polisie voertuig nie? -- Dit is 'n polisievoertuig, dit is 'n munisipale polisie.

Dit is 'n munisipale polisievoertuig? -- Ja.

Ja, maar 'n SAP, was daar ander SAP-Casspirs daar? -- Nie wat ek van weet nie, wat ek gesien het nie.

Sou u geweet het as daar ander Casspirs is? -- Behalwe as hulle op die radio gepraat het dat hulle gesê het hulle is in Boipatong, u edele.

Het /...

Het u nie geweet hoeveel polisievoertuie word daar ontplooi in Boipatong nie? -- Nee, u edele. Ek weet nie of die vorige skof, hoeveel voertuie van hulle dalk daar deur die dag was of daar sou gewees het nie.

Nee, maar daardie tyd toe u daar was, u weet nie of u voertuig die enigste een is wat daar in is en of daar ander is wat saam met u in is nie? -- Van ons eenheid was dit het my voertuig gewees, want die aand het ons net met twee voertuie gery, u edele, en sersant Kruger was op daardie stadium nog by die basis.

MNR BOTHA: Met sommige van die Casspirs kan u nie direkte radioverbinding hê nie, is dit korrek? -- Dit is korrek.

U kan slegs via die ops.-kamer byvoorbeeld met die munisipale Casspir kommunikeer? -- Dit is korrek.

Dan het hier 'n Alfred Msibi getuig. Hy getuig dat terwyl hy in Hlubistraat loop het hy - as u my net 'n oomblik gun, U edele, ek wil net my notas bietjie weer deurgaan. Alfred Msibi, ja, hy getuig dat nadat hy aanvallers gesien het deur 'n vensters in 'n huis het hy uitgegaan by 'n deur op pad na 'n ander kamer toe en toe sien hy 'n Casspir in Hlubistraat en hy sien die Casspir draai regs - hy noem dit 'n Hippo. Ek wil net seker maak daarvan, ek verstaan dat oor die algemeen word Hippo gebruik in die woongebied as 'n beskrywing van enige voertuig, gepantserde tipe voertuie? -- U edele, die woord "Hippo" kom van die voorganger van die Casspir af en vandat die Casspir in gebruik is het die mense nou al geleer dat dit is 'n Casspir en nie meer die Hippo nie, maar die woord "Hippo" kom nog voor wat hulle gebruik vir 'n Casspir.

Hy sien hierdie Hippo draai regs in Bafokengstraat. Nou as u net kyk na die foto BEWYSSTUK 3, gaan hy na die bopunt

van /...

van Hlubistraat, met ander woorde die punt van Hlubistraat naaste aan die kaal veld, en daar draai hy dan regs af in Bafokeng in die rigting van Slovopark. Dit is die Hippo wat hy gesien het, volgens sy getuienis, kort nadat hy aanvallers gesien het, 'n baie kort tydjie, volgens sy getuienis. Dit kon nie u voertuig gewees het nie? -- Nee u edele, dit was definitief nie my voertuig gewees nie.

Dan het daar 'n getuie getuig hier vir die staat, ene Jabulani Ramakonopi. Hy was aan die onderpunt weer van Hlubistraat, eintlik noem hy dit 420 Hlubistraat, wat ek sal aanneem naby aan Slovopark is? -- Dit is korrek, ja.

Hy getuig ook van 'n aanval wat hy hoor vensters wat breek en dies meer en terselfdertyd tydens die aanval wat hy hoor, hoor hy 'n Casspir in die rigting van Slovopark. Om die waarheid te sê, hy plaas dit in die straat Bakoenastraat wat natuurlik die straat is tussen Slovopark en Boipatong. Daardie Casspir wat hy daar hoor kon nie u Casspir gewees het nie? -- Nee, edele, dit kon nie my Casspir gewees het nie, dit was nie my Casspir nie.

Dan het hier 'n getuie getuig Albert Nonyane. Hy getuig dat so in die omgewing van kwart oor tien is hy in Frikkie Meyer Boulevard en daar merk hy op dat daar 'n polisievoertuig, dit is 'n gewone voertuig, staan dwars in die pad aan die onderpunt, met ander woorde die punt nader aan Vanderbijlpark maar in die omgewing van Boipatong. In Frikkie Meyer Boulevard staan 'n polisievoertuig dwars in die pad, eintlik op die middelmannetjie. Dra u enige kennis van 'n polisievoertuig wat daar in daardie omgewing was? -- U edele, nee, ek dra nie kennis van een van daardie voertuie nie. Ek het wel agterna by die Goldstone-kommissie gehoor ook van die voertuig wat daar

gestaan /...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.